# Nuusbrief 243

**Julie 2024**

South African Wood Preservers Association

## SAWPA STREEKVERGADERINGS AUG/SEPT 2024

Neem kennis van die datums **en tye** vir die 2de rondte SAWPA 2024 streekvergaderings soos hieronder aangedui.

Die SAWPA streekvergaderings is n platform waar terugvoer gegee word en besprekings plaasvind oor sake wat die houtverduursamingsbedryf aangaan. Lede word dus aangespoor om die tyd en moeite aan te gaan om die vergaderings in hul betrokke streke by te woon.

Streekvergaderingskedule - Aug/Sept 2024

| | | |
|---|---|---|
| Gauteng/Noord-Wes | Maandag, 26 Augustus @ 10:00 | SAWPA |
| Suid-/Oos-Kaap | Woensdag, 28 Augustus @ 10:00 | Pine Lodge - George |
| Wes-Kaap | Vrydag, 30 Augustus @ **09:30** | Mowbray GK |
| Limpopo | Maandag, 2 September @ 10:00 | Pietersburg Klub |
| Mpumalanga | Woensdag, 4 September @ 10:00 | Badplaas |
| KZN | Vrydag, 6 September @ **09:30** | Victoria BK PMB |

Maak asb. seker dat u RSVP met Nellie by admin@sawpa.co.za op die laatste een week voor die vergaderingsdatum aangesien dit ons sal help om voldoende sitplek en etes te reël. Lede is welkom om vooraf enige spesifieke streek- of nasionale agenda-items wat u graag sal wil bespreek, aan te dui.

## NRCS WERKSWINKEL

Lede behoort onlangs die aangehegte uitnodiging van die NRCS ontvang het vir die beoogde werkswinkel van 31 Julie. Hierdie is ’n herinnering vir die wat nog beplan of oorweeg om die vergadering by te woon (TEAMS of Fisies), om te RSVP by die NRCS of DTIC beamptes soos aangedui, teen die laatste 15 Julie 2024. Behalwe dat die NRCS ’n algemene oorsig oor hul mandaat, die vereistes van die VC, die effek wat onwettige houtbehandeling op die omgewing en ekonomie mag hê, en die algehele impak van die VC en toepassing daarvan wil gee, is die doel ook om insette van belanghebbendes te kry om saam ’n aksieplan te ontwikkel om die huidige toepassingsuitdagings op te los.

## SAFCOL BBSEB-FASILITEERDER STATUS

Op die 19de Junie het die vorige Minister van Handel, Nywerheid en Kompetisie finaal Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtingsfasiliteerder status aan SAFCOL toegeken (sien aangehegte kennisgewing GoN 2577). Dit is iets waarvoor die bosbousektor al vir meer as vyf jaar wag. Die fasiliteerder status gee SAFCOL die eienaarskapreg wat deur swart mense gehou word, as volg:

- 100% Swart Mense
- 40% Swart Vroue
- 20% Swart Benoemde Groepe
- Sonder enige verkrygingskuld, en
- Sonder enige derdepartyregte

Dit beteken dat maatskappye wat hout by SAFCOL aankoop kan nou voorkeuraankooppunte eis, rapporterende entiteite sal nie meer op slegs die helfte van die teiken op Voorkeuraankoop sub-elemente geëvalueer word nie, en sal vervaardigers wat rou materiaal by SAFCOL aankoop toelaat om dit op hul jaarlikse BBSEB status verslag aan te dui.

## IRG55 TERUGVOER

Die 55ste International Research Group vergadering oor houtbeskerming is gehou in Knoxville, Tennessee (VSA) van 19 tot 23 Mei 2024. Die konferensie is bygewoon deur 137 mense van 24 verskillende lande, en 75 artikels en 10 plakkate is aangebied. Die artikels en plakkate is aangebied in werkgroepsessies soos volg:

1. Biology: *Microorganisms, Insects & Marine borers, Natural durability, Microbial test methodology*
2. Wood Protection: *Wood preservatives, Other protecting chemicals, Treatability of wood & quality control of processes & materials, Fire retardants, Wood protection by design & new concepts*
3. Wood Modification: *Thermal modification, Chemical modification, Other penetrating modifications, Application & Performance and Sustainability & Environment, with special*
4. Application & performance: *Laboratory & field performance, Service life, Wood-based composites*
5. Sustainability & Environment: *Environmental impact, Health & safety aspects, and a special session Towards a circular economy for wood protection*

Die volgende gelyste artikels is slegs van die interessante artikels wat aangebied was:

| | |
|---|---|
| 24-11044: | On the use of miniaturized wood specimens in fungal decay experiments – mini-blocks versus EN 113 tests specimens |
| 24-20709: | Barriers of polyglycol/borate treated wood prevent termite attack to untreated wood above them in 10-year field tests |
| 24-20710: | Benefits of borate dual treatment |
| 24-41001: | Evaluation of vacuum borate treated spruce or pine CLT in an above ground protected test in southern Mississippi |
| 24-50387: | Keeping wood greenest: Maximising the unique benefits of preserved wood through end-of-life planning to realize carbon sequestration and a circular economy |
| 24-50389: | Levels of copper arsenate in aged radiata pine vineyard posts |
| 24-50398: | Timber circularity discussion: Waste hierarchy and prioritizing reuse opportunities |

Philip Van Niekerk wat tans besig is met sy PhD by die Universiteit van Göttingen, en ’n ontvanger van ’n RCA toekenning was om die IRG 55 by te woon, het ’n artikel aangebied getiteld “*Changes in decay risk of wood in ground contact over Europe, from analysis of historic climate conditions”* (24-41008) tydens die wetenskaplike hoofsessie op die eerste dag van die konferensie.

Vir ’n volledige lys van artikels en plakkate wat aangebied is sien die aangehegte dokument IRG 24-60546. Lede wat afskrifte van enige van die artikels wil hê kan dit aanvra by bruce@sawpa.co.za deur die artikel nommer/s aan te dui.

Groete
**BRUCE BREEDT**

SAWPA aanvaar nie verantwoordelikheid vir enige derdeparty stellings wat in die nuusbrief gemaak word nie.